

# Die dinamika van Kaaps-Hollands – belangrike nuwe insigte in die ontwikkeling en standaardisering van Afrikaans

H.P. Grebe

*In the standardization of languages a single regional and/or social dialect is often presupposed which forms the phonological, morphological, and syntactic base of the new standard language. In the case of Afrikaans it was not otherwise. But cases of standard languages which are based on a single regional or social dialect are rare. In most cases standard languages have been shaped by a process of dialect levelling and koinézation. In the case of Afrikaans this has been a central point of departure of most historical linguists. The so-called philological school viewed Afrikaans as the outcome of a “natural” process of language change boosted by forces of second language learning. This has been disputed by historical linguists such as Den Besten and Roberge who view language contact as a central force. But the actual fusing process which remodelled the dynamic social dialect continuum which was Cape Dutch has not received much attention. In this article the new insights which the work of Ana Deumert sheds on the standardization and development of modern Standard Afrikaans is discussed in relation to other theoretical viewpoints.*

## 1. Ter inleiding

In hierdie artikel word die nuwe insigte in die standaardisering van Afrikaans en die ontwikkeling van moderne Standaardafrikaans wat blyk uit die werk van Ana Deumert (2004) kortlik bespreek en in verband gebring met ander belangrike teorieë en insigte van die afgelope aantal jare.

In die verlede is daar vanuit linguisties georiënteerde benaderings tot die standaardisering van taal dikwels uitgegaan van 'n streeks- of sosiale dialek wat die fonologiese, morfologiese en sintaktiese basis van die standaardvariëteit vorm. Ook in die geval van Afrikaans bestaan daar die sogenaamde "Oosgrenshipotese". Van Rensburg (1984: 514; 1989: 436-467 en 1990: 66-67) onderskei op histories-geografiese gronde drie variëteite van Afrikaans, naamlik Oosgrensafrkaans, Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrkaans. Oosgrensafrkaans sou dan die basis van Standaardafrikaans vorm. Ook ander Afrikaanse taalkundiges soos Ponelis (1987: 9) en Du Plessis (1987a: 108 e.v. en b: 144 e.v.) huldig menings wat verband hou met hierdie siening van Van Rensburg. Alhoewel reeds uitvoerig (vgl. Grebe, 1997) op die gebreke van hierdie siening gewys is, word dit steeds te dikwels as uitgangspunt in geskrifte oor Afrikaans gebruik.

Maar standaardtale op 'n enkele dialek gebaseer, is inderwaarheid skaars en die meeste het tot stand gekom deur dialektiese gelykmaking en koinéfisering. Sowel die filoloë as Den Besten (1989) hang op enkele kleinere punte na, wat betref die ontstaansgeschiedenis van Afrikaans, hierdie siening aan. Die basiese uitgangspunte van Den Besten verskil egter wesenlik van dié van die filoloë. Anders as die filologiese skool, meen Den Besten dat die ontstaan van 'n aparte Afrikaanse grammatiske sisteem alleen verklaar kan word as die linguistiese gedrag van die Khoikhoi en die slawe daarby betrek word. Hierdie artikel is weliswaar reeds van geruime tyd terug, maar was rigtingverskuiwend sover dit die beskouinge rondom die ontwikkeling van Afrikaans betref. Hy veronderstel reeds van heel vroeg af aan die bestaan van 'n dubbele herkoms. Maar omstreeks 1850 versmelt Proto-Afrikaans I voortkomend uit 'n konteks van tweedetaalverwerwing en Proto-Afrikaans II, wesenlik voortgesette Kaaps-Hollands, tot 'n algemene Afrikaanse koiné.

Anders as die filoloë en Den Besten benader Roberge (1995 & 2003) die ontwikkeling en Afrikaans vanuit 'n heel ander blikhoek. Tenoor Den Besten se siening van twee naasliggende taalbane (sekerlik wel bedoel as teoretiese idealisering) gaan Roberge van die standpunt uit dat die taalsituasie vóór standaardisering gekenmerk is deur 'n dinamiese, sosiale dialekkontinuum. Die standaardiseringsproses het die fundamentele reorganisasie van hierdie variasiekontinuum behels ten einde 'n nuwe standaardnorm (die latere Standaardafrikaans) tot stand te bring. Deur hierdie strategiese en intensionele proses is die ander niestandaardvorme en variëteite gemarginaliseer en teruggedring.

Maar die sieninge van Den Besten en Roberge verskil nie wesenlik nie: deur 'n proses van versmelting en uitloping kom 'n enkele standaardvorm van Afrikaans te voorskyn uit meerdere vorme en variëteite. Hoe hierdie versmelting in sosiale en linguistiese terme verloop het, bly egter onduidelik. Hierop bied die rigtinggewende werk van Deumert (2004) 'n hoogs insiggewende kyk. Omdat die werk plek-plek nogal teoreties van aard is en nie tot dusver die aandag wat dit verdien, gekry het nie – in elk geval nie in die literatuur hier te lande nie – poog hierdie artikel om kortlik die belangrike nuwe insigte saam te vat en te wys op die verreikende gevolge wat dit het vir wat Standaardafrikaans wesenlik is en hoe dit gegroeи en ontwikkel het. Deumert wys byvoorbeeld daarop dat die meeste standaardtale 'n veelvoudige herkoms het en dat hulle gestalte gegee is deur uiteenlopende toestande van taalkontak, maar ook die deurslaggewende wisselwerking van die gesproke en geskreve taal.

Heel terloops: die gebrek aan belangstelling onder Suid-Afrikaanse wetenskappers van dit wat histories en wesenlik steeds in die kern van enige ernstige studie oor die linguistiese aard van Afrikaans behoort te staan, is waarskynlik 'n simptoom van die treurige toestand waarin die Afrikaanse taalkunde sig aan Suid-Afrikaanse universiteite bevind. Die kern van ons vakgebied, naamlik die

beskrywing van Afrikaans, gaan nouliks vooruit. Ons durf ook nie ons eie taalverlede aan buitelanders alleen oorlaat nie. Veral nie gesien die belangrike postkoloniale konteks waarin ons ons bevind en waarin ons toonaangewend behoort te wees nie. Hibridisering staan immers in die kern van ons nuwe globale wêreld.

## 2. Die standaardiseringsproses

Die standaardiseringsproses kan gesien word as die strewe na linguistiese gelyk-vormigheid deur die proses waarvolgens sekere variante as standaardnorm ge-selekteer word. Terwyl taalvariasie verband hou met sosiale, etniese en streeks-verskille, werk standaardisasie die totstandkoming van 'n enkele politieke en gemeenskaplike magsbasis in die hand. Die standaardiseringsproses moet nie slegs gesien word as 'n bewuste regulerende ingreep deur bepaalde instellinge soos taalrade en -akademies, asook individuele woordeboekmakers en grammatica-ontwerpers nie, maar ook as die resultaat van die tegemoetkomendheid van alledaagse sprekers om mekaar ter wille te wees en wat gevolglik lei tot dialek-gelykmaking en -versmelting.

In hierdie verband verwys Deumert na die werk van LePage (1988) waarin hy na die prosesse van *fokussering* en *projeksie* verwys. *Fokussering* verwys na die proses van onderlinge tegemoetkoming wat lei tot dialektiese gelykmaking en die ontwikkeling van 'n goed gedefinieerde bowedialektiese koiné in die hand werk. Die begrip *projeksie* hou in dat sprekers hulle in die keuses wat hulle ten opsigte van taalvariante maak, bewustelik rekenskap gee van hul identiteit (dit dus konstruer) op grond van hul interpretasie van die onderliggende faktore wat die variasie onderlê.

Gefokusseerde en relatief uniforme variëteite wat die gevolg is van interdialektiese en onderlinge toeskietlikheid ontwikkel geredelik tot algemene bowedialektiese *taalstandaarde*; dit wil sê hulle verteenwoordig goeie en toepaslike taalgedrag en word doelbewus deur individue nagevolg. Alhoewel taalstandaarde meestal nog nie gekodifiseer is nie, is dit meer as blote gewoontes en beklee met normatiewe waarde – "só hoort dit". Hierdie relatief uniforme variëteite verteenwoordig die informele beginpunt van standaardisering.

### 2.1 Afrikaans

In die lig van die kriptiese uiteensetting hierbo, is die beskouinge rondom die standaardisering van Afrikaans in die verlede myns insiens dikwels te eenlynig gesien. Die tradisionele siening soos deur die filologiese benadering voorgestaan, hou wesentlik in dat die standaardisering van Afrikaans die resultaat is van die kodifisering en uitbreiding van 'n reeds bestaande en relatief uniforme gesproke vernakulêr/koiné. Hierdie uniforme vernakulêr/koiné sou dan deur natuurlike

taalveranderingsprosesse uit sewentiende-eeuse dialektiese Nederlands gegroeи en die lae variëteit verteenwoordig het in 'n toestand van diglossie. Die Oosgrenshipotese waarna terloops hierbo verwys is, hou verder in dat hierdie basisdialek nie alleen geografies afgegrens was nie, maar voorts word die moontlike invloed van die aanleerdersvariëteite op die ontstaan van Standaardafrikaans as 't ware uitgedefinieer.

Hierdie tekortkominge is reeds deur Den Besten uitgewys. Beide punte van kritiek wat hierbo geopper is, het hy uitvoerig onder die loep geneem en daarop gewys dat geen siening van Afrikaans hoegenaamd volledig kan wees sonder dat die reuseaandeel van die aanleerdersvariëteite aan die destydse Kaap op 'n geïntegreerde manier betrek word nie. Soos in die geval van die filoloë en die voorstanders van die Oosgrenshipotese, het Den Besten wel die bestaan van 'n algemeen Afrikaanse koiné so vroeg as 1850 veronderstel wat die basis sou vorm van Moderne Standaardafrikaans. Maar die bestaan hiervan betwyfel hy tans self (persoonlike mededeling). Hierin het hy waarskynlik gelyk soos die werk van Deumert duidelik laat sien. Hy had nietemin stellig wel gelyk wat betref sy siening van 'n versmelting (anders gestel: die dubbele herkoms van Afrikaans – voortsetting én kreolisering). Hoe hierdie versmeltingsproses presies in linguistiese en sosiale terme verloop het, was egter steeds onduidelik. Hieropwerp die werk van Deumert meer lig.

Deumert gaan van dieselfde standpunt as Den Besten en Roberge uit. Ook soos by hulle, is die voorgeschiedenis van Afrikaans nie reglynig nie maar heterogen. Anders as Den Besten se siening van twee naasliggende taalbane gaan sy, soos Roberge, van die standpunt uit dat die taalsituasie vóór standaardisering gekenmerk is deur 'n dinamiese, sosiale dialekkontinuum wat tot minstens 1900 aan die Kaap bestaan het. In teenstelling dus tot sowel die filoloë as Den Besten wat die middel van die agtiende en negentiende eeu onderskeidelik sentraal stel in die historiese ontwikkeling van Afrikaans, meen Deumert dat die voortgesette variasie in historiese dokumente daarop dui dat die ontluiking van Afrikaans langssamer verloop het as wat aanvanklik gemeen is en dat dit deur meerdere invloede en kragte as suwer taalkontak enakkulturasie vorm gekry het, waaronder tewens politieke en sosio-ekonomiese kragte tel. Sy veronderstel 'n kontinue proses vanaf die sewentiende tot die laat negentiende eeu en selfs nog die eerste jare van die twintigste eeu.

### **3. Die konstruksie van Standaardafrikaans**

Deumert se hooftese is dat Standaardafrikaans in hoë mate *gekonstrueer* is uit 'n kontinue variasiespektrum met matri- en akrolektiese variëteite aan die boonste punt en meso- en basilektiese variëteite aan die onderste punt. Verskillende sosiale en politieke kragte het hierin meegewerk. Anders as in die geval van haar

voorgangers, meen sy nie dat standaardisering voorafgegaan is deur 'n reeds bestaande algemene koiné nie. 'n Algemene koiné het eers teen die einde van die negentiende en vroeë twintigste eeu ontwikkel as gevolg van die prosesse van fokussering en projeksie waarna hierbo verwys is en wat die informele beginpunt van die standaardiseringproses verteenwoordig. Hierdie proses is deur Afrikanernasionalisme gedra en onderskraag.

### ***3.1 'n Dialektiese skryftradisie***

Tydens die negentiende eeu het 'n Kaaps-Hollandse skryftradisie geleidelik aan ontstaan. Tiperend van hierdie Kaapse dialektekste was die aanwending van die opvallendste kenmerke van die Kaaps-Hollandse vernakulêr. (Vir 'n kort oorsig van hierdie tekste vergelyk Deumert [2004: 45-54].) Daar bestaan min twyfel dat die oogmerk van die skrywers sekerlik was om te skrywe in wat hulle as die plaaslike Kaaps-Hollandse dialek beskou het. Dit is egter belangrik om ag te slaan daarop dat dialektekste tipieserwys sosiolinguistiese stereotipes reflekteer en daarom nie noodwendig linguisties outentiek is nie; trouens dikwels mank gaan aan stereotipiese oordrywing. Hierdie tekste vertoon dikwels 'n samestelling (versmelting) van verskillende niestandaardkenmerke wat nie noodwendig gesamentlik (in algemene sin én frewensie) voorkom in die spraak van werklike sprekers nie. 'n Tipiese procédé is om die teks gewoon te deurspek met stereotipiese kenmerke van die ongepolyste niestandaardtaal. Prototipiese koloniale karakters (blank én gekleurd) soos *Arme Boer, Boereseun, Een Burger, Polly Lekkergoed, Grietje Beuzemstok, Klaas Waarzegger, Kaatjie Kekkelbek* ens. word dus ten tonele gevoer.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie dialektradisie oor 'n breë boeg plaasgevind het en nie net tot die landelike blanke gemeenskap beperk was nie. Ook onder die Moslemgemeenskap van die Kaap en die Morawiese sendinggemeenskap in Genadendal het soortgelyke tradisies ontwikkel.

Hierdie tekste het algaande meegewerk in die vestiging van 'n *gestileerde* linguistiese en sosiale *prototipe* van die alledaagse, maar eerlike Afrikaanse boer en landvolk as simboliese teenoorgesteldes van die hovaardige koloniale Engelse, stedelike gemeenskap. Daar moet dus op gelet word dat die taalgebruik geïnterpreteer moet word as 'n komplekse sosiaal bemiddelde *representasie* van die vernakulêr as kulturele stereotipering van die gesproke taal – 'n *nabootsing* wat dus gekenmerk is deur stereotipiese oorveralgemenings.

Die taalsituasie aan die Kaap gedurende die agtiende en negentiende eeu word dikwels as diglossies beskrywe met die Kaaps-Hollandse vernakulêr (Afrikaans) as die inheemse lae variëteit en Nederlands as die hoë variëteit wat op skool onderrig is en in formele situasies gebruik is. Die werklikhed was heel anders. Aan die Kaap het daar volgens Deumert (2004: 64) 'n toestand van "gebruikersgeoriënteerde" dialektiese diglossie geheers. Dit het ingehou dat variëteite dig by

Nederlands (matri- en akrolekte) nie die hoë variëteit was vir die *hele* spraakgemeenskap nie; trouens 'n groot gedeelte van die spraakgemeenskap het dit gewoon nie beheers nie. Die gebruik van die lae variëteit het tewens afhang van sosiale veranderlikes soos klas, etnisiteit en ras. Voorts was die Kaaps-Hollandse vernakulêr meer vloeibaar en kontinu as wat dikwels veronderstel word. 'n Komplekse sosiale dialekkontinuum gekenmerk deur prosesse van stylverskuiwing en vermenging het bestaan. Die akrolektiese variëteit was skynbaar selfs algemeen genoeg om die promoveer van 'n "Vereenvoudigd Nederlands" as toekomstige koloniale taal as moontlikheid te oorweeg.

Uit hierdie ryke verskeidenheid van die taalmark het die taalentrepeneurs – aanvanklik die eerste dialekskrywers en later hul navolgers – die heteroglossiese taalkontinuum omvorm deur die skep van 'stemme' wat gemeenskapsidentiteit simboliseer.

### **3.2 Drie kenmerkende lekte**

In haar baanbrekende werk onderwerp Deumert (2004) 'n korpus persoonlike dokumente (Die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie) bestaande uit hoofsaaklik brieue aan familie en vriende asook twee private memoirs aan taalvariationsele analise. Die geskrifte dek die tydperk 1880-1922. Uit die toon en styl van die tekste is af te lei dat die skrywer en die aangeskrewene goed bevriend was en in 'n vertrouensverhouding verkeer het. Die toon van die brieue is dus heel persoonlik (die korpus sluit byvoorbeeld minnebrieue in) en die taalgebruik waarskynlik dig by die gespreek taal.

Deumert het hierdie geskrifte ondersoek aan die hand van 'n negetal veranderlikes wat diagnosties is ten opsigte van Afrikaans as 'n afsonderlike linguistiese sisteem:

- ◆ Verlies van die onsydige geslag;
- ◆ Verlies van persoons- en getalskongruensie in die teenwoordige tyd by hoofwerkwoorde;
- ◆ Verlies van infinitiefsfleksie
- ◆ Verlies van fleksie-uitgange by verlede deelwoorde;
- ◆ Verlies van die imperfektum en die veralgemening van die perfektum by hoofwerkwoorde;
- ◆ Die gebruik van die Afrikaanse voornaamwoorde (*ons*, *hulle*, *dit*, *my/sy* en invariabele *wat*);
- ◆ Die veralgemening van die *om te*-infinitief;
- ◆ Nie-2; en
- ◆ Objektiewe *vir*.

Een van die insiggewendste resultate is dat die skrywers van hierdie geskrifte in drie klusters op grond van hul aanwending van hierdie diagnosties veranderlikes uiteenval:

- (a) Kluster 1: Akrolekties; hou hulle sover moontlik aan die norme van Nederland; variasie erg opvallend by die infinitiefklous en verledetydsmarkering; geringe variasie by sterk verlede deelwoord; 'n mate van variasie by morfosintaktiese veranderlikes soos geslag asook persoons- en getalsmarkings by die werkwoord. Handhaaf onderskeid tussen finiete en infiniete werkwoorde asook fleksie by verlede deelwoorde. (Vergelyk in hierdie verband ook Grebe [1997: 206-207].)
- (b) Kluster 2: Hoogs variabel ten opsigte van al die veranderlikes; vertoon geen gelijke spreiding binne die kluster ten opsigte van die veranderlikes; opvallend dat ten opsigte van Nie-2 byna geen variasie voorkom nie, daar slegs een individu daarvan gebruik maak; individue binne hierdie groep bevind hulle nie net êrens tussen kluster 1 en 3 nie, maar is óf nader aan 1 (tradisionele Nederlandse standaard) óf nader aan 3 (nuwe ontluikende Afrikaanse norme); dit is 'n aanduiding van 'n sogenaamde "fuzzy" grens en 'n bevestiging van kontinue variasie wat die ruimte tussen die pole Nederlands en Afrikaans oorspan.
- (c) Kluster 3: Vroeë Afrikaans; relatief gefokusseerde variëteit; variasie by sterk verlede deelwoorde en Nie-2; ontluikende standaard.

Veelseggend is dat bogenoemde drie linguistiese struktuurklusters ook korreleer met kenmerke wat sosiaal beduidend is. Kluster 3 (verteenwoordigend van die ontluikende Afrikaanse standaard) word gekenmerk deur skrywers gebore ná 1865 en behorende tot die nuwe professionele klas; Kluster 2 (hoogs variabel) gebore vóór 1865 en uitsluitend behorende tot die landelike kleinburgerlike klas ("petty bourgeoisie"); Kluster 1 (Nederlands) geen spesifieke voorkeur, deursnee van monster.

Insiggewend is ook dat as 'n verteenwoordigende monster van die vroeë dialektekste by die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie betrek en ontleed word, dit blyk dat daar 'n hoë mate van tipologiese kontinuïteit bestaan tussen die dialektekste en Kluster 3. Dit is dus duidelik dat die dialektiese skryftradisie as model moet gedien het vir diegene wat bewustelik Afrikaans probeer skrywe het. Deumert (2004: 242) wys ook daarop dat die analyses van die data daarop duï dat die variëteit wat naas Afrikaans as alternatief vir Nederlands in Suid-Afrika geprogageer is, te wete "Vereenvoudigd Kaap-Hollands", in hoë mate met die taalgebruik van Kluster 2 ten opsigte van spesifieke veranderlikes geïdentifiseer kan word. Die spreiding en gedrag van die veranderlikes binne kluster 2 kan nie sonder meer as lukraak en as tiperend van 'n ongrammatiese vermenging van Afrikaans en Nederlands beskou word nie.

Dit bevestig dus nog eens die bestaan van 'n variasiekontinuum waarbinne bepaalde kenmerke as [+Ndl] en ander as [+Afr] beoordeel is. Vanweë die

diffuse en variabele aard van baie van die kenmerke van die Kaaps-Hollandse vernakulêr het dit die insluiting daarvan in 'n goed gedefinieerde protipiese nuwe Suid-Afrikaanse norm geblokkeer en dit gebrandmerk as 'n *tussending*. Tydens hierdie proses van standaardisering is bepaalde sistematische variante tog weer as té Nederlands beskou en gevolglik ook uit die ontluikende standaardvariëteit geweर. Die agente van die fokusseringsproses (diegene verteenwoordigend van Kluster 3) het hoofsaaklik behoort tot die opkomende professionele klas wat ook 'n belangrike rol vervul het tydens die opkoms van die Afrikanernasionalisme vanaf die einde van die negentiende eeu aan die Kaap. Dit was per slot van rekening slegs hierdie betreklik opgevoede klas wat bepaalde taalvorme as Nederlandismes kon eien vanweé hul vertroudheid met die Nederlandse norm; hulle kon dan ook meestal moeitelos tussen die nuwe opkomende standaard (Afrikaans) en Nederlands wissel tiperend van 'n toestand van diglossie. Dat hierdie fokusseringsproses betreklik bewustelik geskied het, blyk duidelik uit die volgende voorbeeldtekst (1894: brief van Francois S. Malan aan W.J. Viljoen ten tyde van studie in Edinburgh) soos aangehaal in Deumert (2004: 62):

Ek dink dat jou begrip van die Afrikaanse saak veul nouer en beperker is dan di van my. Di Afrikaanse taal wat jy voor werk is reeds gevormd in hoofsaak en het al meer of min syn bepaalde eigenaardighede ontvang ... Maar dan is daar 'n menigte ander Afrikaners wat meen dat di Afrikaans van vandag nog maar die eier in die nes is wat nog moet uitgebroei worde, 'n pas gebore kindje van wie jy nog ie kan sé wat eigenlik di karaktertrekke van di man sal wees ni ... Jy het al die woord 'purist' met betrekking tot di jong taal, [gebruik – HPG] terwyl di ander kant meen dat alle woorde en gebruik ewe veul reg het om in di stryd van bestaan op te tre. An di ander kant word di gebruik van 'n vreemde woord afgekeur terwyl di ander sé: ge al di woorde kans en kyk watter een door di algemeen gebruik syn bestaan regvaardig.

'n Dikwels vermelde geval is dié van die vroeë Afrikaanse skrywer Melt Brink (aangehaal in Kannemeyer, 1984: 71):

Ik heb mij, wat de taal betreft, zooveel mij zulks mogelijk was, aan de middenweg tussen goed Hollands en Patriots gehoude. De eerste omdat ik denk dat deze voor velen gemakkelijker zal lezen, en ten tweede omdat ik het Patriots te overdreven acht, wij spreken zo niet onder ons. Ik heb het Kaaps-Hollands zoals wij het gewoonlik spreken gevolg.

Vanaf ongeveer 1900 het Afrikanernasionalisme toenemend veld gewen onder alle sosiale groeperinge. Dit het gepaard gegaan met 'n lewenskragtige taalbeweging wat as 't ware die draer van hierdie nuwe nasionale gevoel was. Hierdie taalbeweging het die nuwe norm (verteenwoordigend van Kluster 3) sterk gepropageer en is hierin ondersteun deur toonaangewende Afrikaansmedium tydskrifte en dagblaaie soos *Die Brandwag*, *Ons Moedertaal*, *Die Huisgenoot* en later ook

die invloedryke Kaapse dagblad *Die Burger*. Gevolglik het Afrikaans die aanvaarde kode geword. In 1914 is Afrikaans as medium van onderrig in primêre skole ingevoer, in 1915/17 is die eerste amptelike spelreëls deur die Zuid-Afrikaanse Akademie gepubliseer, in 1918 is dit in die staatsdiens en aan sommige universiteite ingevoer en in 1919 deur die kerk gesanksioneer. In 1925 word Afrikaans naas Nederlands en Engels as amptelike taal erken.

### **3.3 Enkele voorbeelde**

Die korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie laat duidelik sien dat daar tot nog vroeg in die twintigste eeu 'n groot mate van variasie was ten opsigte van die negetal linguistiese kenmerke wat Afrikaans as onderskeie van Nederlands identifiseer. Deumert wys ook daarop dat tydens die fokusseringsproses waardeur "Afrikaanse" vorme (verteenwoordigend van Kluster 3) tot nuwe norm ontwikkel het daar bewustelik vir bepaalde kenmerke gekies is, nie noodwendig omdat hulle tipies van enige bepaalde lek was nie, maar juis omdat hulle afstand geskep het tussen Afrikaans as nuwe norm en Nederlands. Alhoewel die agente van hierdie proses meestal jonger nasionale Afrikanerintellektuele was, meestal mans, het die keuse dikwels op kenmerke gevallen wat nie tiperend van die akrolektiese Kaaps-Hollands was nie, maar juis hul oorsprong het in die meso- en basilekte van Nederlands aan die Kaap. Deur die bewuste fokusseringsproses wat reeds tydens die fase van die dialektiese Kaaps-Hollandse skryftradisie ontstaan het en verder gevoer is deur intellektuele in diens van Afrikanernasionalisme, het die vroeë variasiekontinuum tot één gefokusseerde variëteit, Afrikaans, versmelt.

#### **3.3.1 Die werkwoord**

Volgens die filoloë is die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands en die daarmee gepaardgaande verlies van werkwoordfleksie die gevolg van dialektiese gelykmaking en die interaksie met natuurlike klankprosesse wat reeds in die kiem in sewentiende-eeuse Nederlandse dialekte teenwoordig was. Raidt (1983: 118) wys in hierdie verband op variasie in die teenwoordigetydparadigma wat reeds prominent was in vroeë Hollandse dialekte. Hierdie gelykmakingsproses het hom teen ongeveer 1750 volgens Raidt (1991: 217) in die Kaapse taal voltrek.

Maar die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie wat deur Deumert aan deeglike analise onderwerp is, vertel 'n heel ander verhaal:

- (a) Die linguistiese gedrag van die skrywers vertoon sowel polarisering as kontinuitéit. Twee groot klusters aan beide kante van 'n variasiespektrum kom uit die data te voorskyn. Ongeveer een derde van die skrywers hou hulle streng aan die norme van Nederlands en vervoeg die werkwoord byna sonder uitsondering. Aan die ander uiteinde van die spektrum konformeer ongeveer een kwart

aan die ontluikende Afrikaanse standaard met byna algehele verlies van persoons- en getalsfleksie. Variasie is nietemin opvallend en ongeveer die helfte van die skrywers bevind hulle in die middelveld en hul taalgebruik kan met nóg die Nederlandse norm nóg die ontluikende nuwe Afrikaanse norm versoen word.

- (b) Wat die werkwoordsfleksie betref, is daar voorts 'n statisties beduidende verskil in reduksie afhangende van werkwoordklasse. Veral die verskil tussen die modale, die hulpwerkwoord *hebben* en hoofwerkwoorde aan die een kant en *zijn* en die kategorie *gaan*, *staan*, *slaan*, *doen* en *z/sien* aan die ander kant. Dat hierdie toestand nog tot laat in die twintigste eeu stand gehou het onder ouer sprekers blyk uit die werk van Grebe (1997: 206-207 & 2004: 70-76) asook uit ouer Afrikaanse grammatikas (Malherbe, 1917: 54-56 e.a.). Malherbe vermeld dat selfs by wisselvorme soos *klaag/kla(e)* die vorme op -g ongebruiklik in die infinitief is. Ook die werkwoord *word* het vroeër die infinitiefvorm *worde* gehad,
- (c) Anders as in die geval van vroeër Kaapse tekste is daar geen statisties beduidende verskil tussen enkelvoud en meervoud nie – by die hoofwerkwoorde vertoon 57% in die enkelvoud en 53% in die meervoud infleksiereduksie.

As daar in die ontwikkeling van Afrikaans dus uitgegaan word van die tradisionele datering vir die verlies van persoons- en getalsonderskeidinge in die teenwoordigetydsparadigma synde tussen 1750 en 1775, is die talrykheid aan variasievorme in die Korpus Kaaps-Hollandse Korrespondensie dus verrassend. Deumert (2004: 145 & 155) wys daarop dat die filoloë en enkele andere hierdie variasies toegeskrywe het aan 'n toestand van diglossie waar gewissel is tussen 'n metropolitaanse Standaardnederlands en 'n stabiele Kaaps-Hollandse vernakulêr wat die gevolg was van die invloed van die kerk en 'n steeds verbeterende skoolstelsel waarin metropolitaanse Nederlands steeds belangriker geword het. Sy betwyfel hierdie siening daar die voorkoms van die wanaanwending van infleksie (d.w.s. hiperkorreksie) skaars is in historiese bronne. Trudgill (1996) asook Bailey (1980: 245) meen dat in die afwesigheid van hiperkorrekte vorme waargenome variasie geïnterpreteer kan word as synde "a permanent and continuing feature" van daardie taal of dialek. Teen ongeveer 1900 was die sisteem van werkwoordsverbuiging dus nog onvas en het dit gevareer op 'n kontinuum tussen Nederlands en moderne Afrikaans.<sup>1</sup>

### 3.3.2 Nie-2

In Moderne Standaardafrkaans is dit een van die opvallendste kenmerke waarin Afrikaans van Nederlands verskil. Tog kom Nie-2 byna nie in die Korpus Kaap-Hollandse Korrespondensie voor nie; slegs in 21% van gevalle (363 uit 1746). Die spreiding van Nie-2 wat betref die onderskeie skrywers, is ook uiterst vreemd. Net een derde gebruik die konstruksie soms wel. Vir geen van die skrywers was hierdie konstruksie die kategoriese norm nie. Diegene wat dit egter wel soms

gebruik, wend dit volkome in ooreenstemming met die struktuur van moderne Standaardafrikaans aan.

Teen die agtergrond van wat hierbo vermeld is, is die insluiting van Nie-2 in die ontwikkelende standaardtaal dus verwonderlik, veral gegewe die assosiasie daarvan met die substraatgemeenskap en dat dit gevvolglik geen overte prestige gehad het nie en boonop slegs sporadies in die meso- en akrolektiese variëteite voorgekom het. Maar nou is dit juis hierdie sosiale en stilistiese (emfatiese) kenmerke van Nie-2 wat gesorg het vir die insluiting daarvan in die nuwe standaardtaal. Die sosiolinguistiese eenheid van Nie-2 het kennelik die deurslag gegee. Simbolies het dit die nuwe standaardtaal beklee as behorende tot die volk in teenstelling tot Nederlands. Die nuwe standaardtaal moes dus wat bepaalde kenmerke betref, doelbewus met die ou koloniale standaard kontrasteer. Hierdie vereenselwiging van Nie-2 met die eerlike Afrikaanse boer en landvolk het sy wortels reeds in die populêre dialekskryftradisie uit die 1850's. Maar deur die reëlmataige en vaste struktuur van die konstruksie wat reeds deur die grammaticas van die GRA vasgelê is, kontrasteer dit tog weer met die variabele en gemengde variëteite van die gekleurde en sosiale onderklasse.

#### 4. Tot slot

Die sentrale argument van Deumert is dus dat taalverandering aan die Kaap nie gelei het tot 'n rigiede sisteem van diglossie met Nederlands en die akrolektiese variëteite daarvan as *Hoë Variëiteit* en die basilektiese Kaaps-Hollands as die *Lae Variëiteit* elk met sy eie domein nie. Die verheffing van Afrikaans tot standaardtaal was dus veel meer as die verplasing van Nederlands deur die lae variëteit daarvan in die vorm van Afrikaans wat reeds sinds honderd jaar vantevore as 't ware daarop lê en wag het. Die taalstratifikasie (sosiaal, geografies en etnies) was volgens Deumert veel komplekser en 'n wye spektrum van variasie en spreekwyses het aan die Kaap ontwikkel en stand gehou tot selfs in die vroeë jare van die twintigste eeu.

Hieruit is deur 'n proses van fokussering en seleksie vanweë bepaalde sosiale en politieke ontwikkelinge aan die Kaap 'n nuwe standaardtaal "gekonstrueer" om as draer van bepaalde politieke en sosiale ideale te dien en doelbewus met metropolitaanse Nederlands te kontrasteer. In hierdie opsig was daar dus wel 'n proses van versmelting en uitloping gaande.

## Bronnelys

- Bailey, C.-J.** 1980. Conceptualizing dialects as implicational constellations rather than as entities bounded by diaglossic bundles. In: Göschel, P. Ivic & K. Kehr (eds.): 234-272.
- Botha, T.J.R. (red.).** 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Kaapstad: Academica.
- Den Besten, H.** 1989. From Khoekhoen forengtalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. In Pütz, M. & R. Dirven (eds.): 207-249.
- Deumert, A. & W. Vandenbussche (eds.).** 2003. *Germanic Standardization. Past to Present* [IMPACT: Studies in Language and Society 18]. Amsterdam: John Benjamins.
- Deumert, A.** 2004. *Language Standardization and Language Change. The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.
- De Villiers, Meyer.** 1987. *Afrikaanse Klankleer*. Hersien deur F.A. Ponelis. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Plessis, H.** 1987a. *Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesifieke verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes*. Pretoria: RGN-verslag.
- Du Plessis, H. & T. du Plessis.** 1987b. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria: HAUM.
- Göschel, P. Ivic & K. Kehr (eds.).** 1980. *Dialekt und Dialektologie. Ergebnisse des Internationalen Symposiums 'Zur Theorie des Dialekts' Mahrburg/Lahn, 5-10 September 1977*.
- Grebe, H.P.** 1997. *Die historiografie van Afrikaans in heroënskou*. D.Litt-proefschrift. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Grebe, H.P.** 2004. Onder de stolp van de tijd vandaan: een voorstudie naar de standaardisering van Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(1): 65-81.
- Kannemeyer, J.C.** 1984. *Geschiedenis van die Afrikaanse literatuur (tweede uitgawe). Volume Een*. Pretoria: Academica.
- Klemola, M. Kytö & M. Rissanen (eds.).** 1996. *Speech Past and Present. Studies in English Dialectology of Ossi Ihalainen*. Frankfurt/M.: Peter Lang.
- LePage, R.B.** 1988. Some premises concerning the standardization of languages, with special reference to Caribbean Creole English. *International Journal of Sociology of Language*, 71: 25-36.
- Mesthrie, R.** 1995. *Language and Social History: Studies in South African Sociolinguistics*. Kaapstad: David Philips Publishers.
- Ponelis, F.A.** 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, H. & T. du Plessis (eds.): 3-15.
- Pütz, M. & R. Dirven.** 1989. *Wheels within Wheels*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

- Raidt, E.** 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Roberge, P.T.** 1995. The Formation of Afrikaans. In Mesthrie, R. (red.): 68-88.
- Roberge, P.T.** 2003. Afrikaans. In: Deumert, A. & W. Vandenbussche (eds.): 15-40.
- Trudgill, P.** 1996. Language contact and inherent variability. The absence of hypercorrection in East Anglian present-tense forms. In Klemola, M. & M. Rissanen (eds.): 412-325.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare*. Pretoria: RGN-verslag.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989. Soorte Afrikaans. In Botha, T.J.R.: 436-467.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.

## Note

<sup>1</sup> Tog sou die data vir die verdwyning van fleksievorme soos deur die filoloë vasgestel, wel iets moet beteken. Dit sou kan dui op die vermoedelik reeds frekwente voorkoms van 'n 'Afrikaanse' variant in die spreektaal om gevvolglik ook sy teenwoordigheid in die geskrewe taal kenbaar te maak soos in die teenoorgestelde geval by die verdwyning van die preteritum waar 'n aantal sterk en onreëlmatige preterita nog betreklik laat in die spreektaal stand gehou het, selfs al het dit byna heeltemal uit die skryftaal verdwyn.